

Preeknotas vir Vrydag 4 Julie 2008.
Tema : Eet die boek

Psalm 119: [103]Hoe aangenaam is u woord, soeter as heuning in die mond.

Skriflesing 2 Tim 3:[14] *Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het,* [15] *en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.*[16] *Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,* [17] *sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.*

Psalm 1:[1] *Welgeluksalig is die man wat nie **wandel** in die raad van die goddelose en nie **staan** op die weg van die sondaars en nie **sit** in die kring van die spotters nie;* [2] *maar sy behae is in die wet/woord van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.* [3]*En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.* [4]*So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi.*

Inleidend: DL **Moody(1838)** het nie geweet dat Bybel uit twee dele bestaan nie – kom tot bekering – liefde vir die Woord was groot – Vandag Moody Bible Institue. Hy was 'n man van die Boek. God wil dat ons mense van die Boek sal wees en dat ons hierdie Boek sal eet. Eseg 2:[8] en Openb 10:[10]

Israel was mense van die Boek. Wat het hulle van die ander volke volke onderskei? Hoekom het Isarel oorleef as klein volkie? **Die Boe**k!. Thomas Cahill in sy boek oor ***The Gift of the Jews*** stel dat Israel 'n nomadiese volk was en vra die vraag: Hoe het hulle die wêreld so kon beïnvloed? Die feit dat hulle mense van die Boek was. Geweldige eerbied vir die boek gehad. Hulle het dit tenakh genoem:

T - Torah – wet **N**- Nebiim – profete **K**- Kethubim - geskrifte

Tenakh gee identiteit aan Israel: Die boek teenoor ander volke met verskillende gode – Israel net God – Shema *(***Deut 6***:*[4] *Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE).* Die boek vertel dat God Skepper is, Verlosser en Voleinder. God het die mens uniek gemaak- na Sy beeld en gelykenis. God is by die mens en met hom op weg.

Tenakh en huweliksluitings: Groot respek vir die Tenakh/Boek – duidelik te sien wanneer meise en jongman wil trou. Tenakh is is as toets daargestel. Hoe goed ken hy die Boek?

Tenakh is heilig: Die Boek en dit wat daarop geskrywe staan verklaar jou hande onrein dit is 'n heilige boek. Mag nie eet wanneer jy die boek lees nie.

Konings moes die Boek afskryf: Deut 17: [18]*"Wanneer hy as koning oor sy ryk regeer, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet maak. Hiervoor moet hy die eksemplaar van die Levitiese priesters gebruik.* [19]*Hy moet die afskrif by hom hou en sy lewe lank moet hy dit gereeld lees sodat hy kan leer om die Here sy God te dien deur gehoorsaam te wees aan alles in hierdie wet en om volgens al hierdie voorskrifte te lewe.* [20]*Dan sal hy hom nie bo sy volksgenote verhef en 'n haarbreedte afwyk van hierdie gebod nie. As hy gehoorsaam is, sal hy lank lewe in sy koninkryk, hy en sy seuns tussen sy volk Israel."*

Israel was mense van die Boek. die Joodse Geskiedskrywer Josefus skryf oor hulle passie vir die Boek: *Time and again we have given practical proof of our reverence for our own scriptures. It is an instinct with every Jew, from the day of their birth to regard them as the decrees of God, to abide by them and, if need be, cheerfully die for them. Time and again the sight has been witnessed of prisoners enduring torture and death rather than utter a single word against them.*

Dit is wat Israel onderskei - God se Woord in hulle lewe: Paulus skryf daaroor in Rom 3: [1] *Het dit dan enige voordeel om 'n Jood te wees, ...?* [2] *Ja, baie, in allerlei opsigte. Die belangrikste is dat God sy woorde aan die Jode toevertrou het.*

En dan kom Jesus en ons sien dat Hy hierdie Boek lief gehad het. Sy besoek aan die tempel op 12 jaar. Sy openbare bediening begin op dertig jaar – die tydperk waarop Rabbis kon begin leer. Sy versoeking in die woestyn bevestig die krag en liefde vir die Woord in Sy lewe. Sy bediening

en lering is ‘n nuwe juk. Mense het dit aangehang. As Jesus sterwe aan die kruis haal hy uit die Boek aan Ps 22:1

Saam met Jesus was sy dissipels wat Hy geleer het. En na Pinkster vestig hulle nuwe gemeenskap. Die eerste uitnemendste kenmerk van hierdie gemeenskap vind ons in Handelinge 2: [41]Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. ***[42]Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels*** en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. Heelhartige toewyding aan die Boek.

Nou is dit ons dag. Die ***Guinness Book of Records*** gee verskeie vertaalde boeke se statistieke aan. L Ron Hubbard se boek oor scientology in 65 tale, Koran nie in baie tale nie, Book of Morman in 100 tale. Bybel volgens die Wycliff Organisasie 2,656 tale vetaal. Elke jaar 65 M Bybels in VSA alleenlik. Mense gee Bybels, koop Bybels, stal Bybels uit, neem dit orals saam, maar…**maar ons lees nie die Boek nie - daar is nie ‘n heelhartige toewyding op die Woord nie.**

Satistieke van Willow Creek, Bill Hybels, die grootste kerk in VSA met die meeste impak. Hulle het een fout gemaak. Luister wat sê Bill Hybels: *We made a mistake. What we should have done when people crossed the line of faith and become Christians, we should have started telling people and teaching people that they have to take responsibility to become ‘self feeders.’* ***We should have gotten people, taught people, how to read their bible*** *between service, how to do the spiritual practices much more aggressively on their own.*

Groot saak is om ‘n Hand 2 gemeente/gelowige te word/wees wat hule heelhartig toelê op die Woord/Boek, gebed en die onderlinge verhoudinge.

Vanoggend kyk na ‘n akroniem wat ons sal help om mense van die Boek te word: L.O.L.L.

Lees die Woord... biddend: Efes 6:*[17]Sit verlossing as helm op en **vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.** [18]**Doen dit alles biddend** en smeek God by elke geleentheid deur die Gees.* **2 Tim 3:** *[16]Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, [17]sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.* Hoekom lees ek die woord? Die Woord rus toe, onderrig, maak bekwaam, lei - Psalm 119: *[105]U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad... [130]Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is.* Die Woord versterk my Psalm 119[160]Op u woord kan ’n mens hom geheel en al verlaat.

Oordink, bepeins, herkou die Woord. Psalm 1: *[1] Dit gaan goed met die mens wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag **oordink (hagga in hebreeus)**. [3]Hy is soos ’n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.* Lees Eugene Peterson se boek: **Eat this Book.** Die hebreeuse woord “hagga” in Jes 31:*[4]* vir ‘n leeu wat aan sy prooi smul(knor) dieselfde betekenis as wanneer ‘n hond aan ‘n been eet. *Hagga is when a person is lost in religion.*

Luister na die Woord: Vra die Here wat Hy vir jou wil sê: Psalm 62: *[12]Een ding het ek God hoor sê, nee, twee:* Skryf neer wat jy hoor

Lewe die Woord: Gaan doen wat jy weet die Here vir jou leer. Ervaar dat die Here goed is. Hou aan en moenie moed verloor nie.

Aflsuiting: Eugene Peterson op P 18: “ Most of us carry around a handful of essential commands that keep us on track: "Love the Lord your God with all your heart .... Love your neighbour.... Honour your father and mother Repent and believe.... Remember the Sabbath.... Be not anxious. Give thanks at all times.... Pray without ceasing.... Follow me. Go and tell... Take up your cross.... “Add this to your repertoire: Eat this book. Not merely Read your Bible but **Eat this book.** “